

Algemene vrae - skenkers

1) Hoeveel embrio's sal my koei gee per spoeling?

Hierdie vraag is onmoontlik om te antwoord. Ons rekord vir die meeste embrio's van 'n enkele spoeling was 65 graad 1's van 'n Bonsmara koei, maar ons het ook al baie koeie gespoel sonder om enige lewendige embrio's te kry.

Kyk uit vir mense wat telers beïndruk deur net na die suksesvolle spoelings te verwys.

Daar is 'n verskil in die spoelresultate van verskillende rasse, ou teenoor jong koeie, verse en mees belangrik tussen individuele diere in dieselfde ras.

Ons advies is om te werk op 'n konserwatiewe gemiddeld van 4-5 embrio's per spoeling as u u koste berekening maak, ons gemiddeld is waarskynlik rondom 7 embrio's oor alle spoelings oor alle tye. Hoe meer u spoel, hoe nader behoort u aan die gemiddeld te kom.

2) Kan verse gespoel word?

Die antwoord is ja, maar daar is 'n paar faktore wat in gedagte gehou moet word:

- Verse gee gewoonlik minder embrio's as volwasse koeie. Waar sekere rasse soos die Boran se koeie 6-7 embrio's gee per spoeling, gee die verse gemiddeld net tussen 3-4 embrio's. Die feit dat ons 'n konserwatiewe dosis van die superovulasie-hormoon op die die versies gebruik, speel ook 'n rol.
- Verse het nog nie gewys hoe goed hulle teel nie. Dit is in vleisbeesteling 'n bewese feit dat skou kampioene nie noodwendige kampioen kalwers teel nie. Om 'n pragtige vers te spoel, net om later uit te vind sy teel swak diere kan 'n duur oefening wees. In melkrasse is dit egter baie minder van 'n probleem met al die produksie-data, teelwaardes en uitgebreide stambome beskikbaar.
- Die bul wat die beste op die vers sal werk is onbekend. Veral by vleisbees koeie is dit soms n goeie idee om 'n spesifieke paring of verwante paring te herhaal wat voorheen goed gewerk het.
- Verse kan nie te veel gespoel word nie, voordat daar 'n groot moontlikheid begin ontstaan dat sy nie na die spoelings weer gaan dragtig word nie. By Embrio Plus gebruik ons 'n konserwatiewe dosis hormoon sodat ons nie die vers oorstimuleer nie, en daar is altyd uitsonderings op die reël, maar ons sou nie aanbeveel om verse meer as 2 keer te spoel voordat hulle dragtig gemaak word nie. As verse te oud word en oorvet, is daar probleem met hul vrugbaarheid. Die verskillende rasgenootskappe het ook regulasies oor die maksimum ouderdom wat 'n vers mag wees voor sy die eerste keer moet kalf. Hou dit in gedagte sodat haar registrasie nie gekanselleer word nie.
- Verse kan nie op 'n te jong ouderdom gespoel word nie. Dit kan soms moeilik wees om die beste tyd te vind wanneer om haar te begin spoel. Daar is baie variasie tussen die verskillende rasse, tussen individuele diere binne 'n ras en tussen verskillende stelsels om kalwers groot te maak en die voeding beskikbaar aan die kalwers na speen. Die verskuiwing van diere van een teler na 'n volgende vereis ook 'n aanpassingsperiode met groei wat gewoonlik verloor word. Weeg u verse, laat hulle deur u plaaslike veearts ondersoek om te sien of daar aktiwiteit op die eierstokke is en die geslagskanaal voldoende ontwikkel het om fisies gespoel te kan word.

3) Wanneer is die beste tyd van die jaar om te spoel?

Weereens n moeilike antwoord. Die beste tyd word bepaal deur:

- Ligging van u plaas
- Ras wat gespoel word
- Voervloei op plaas, beskikbaarheid van ekstra voer deur die winter, begroting om konsentrate aan te koop
- Beschikbaarheid van ontvangers en hul ras
- Beste tyd van jaar vir die kalfseisoen

Oor die algemeen is die lente en herfs goeie tye om te spoel omdat die weer dan matig is. Dit mag egter in 'n betrokke jaar beter uitwerk om bv. in Julie te spoel, wanneer dit konstant koud is, as in September, wanneer dit al warm was en daar dan 'n skielike koue front met sneeu deurkom. Dit is moeilik om te voorspel met die wispelturigheid van die weer.

Oor die algemeen moet boere met ekstensiewe plase met koue winters nie in die middel van die winter spoel nie, waar plase in warm halfwoestyn areas te droog en warm in mid-somer kan wees.

Zebu en ander tropies aangepaste skenkers spoel gewoonlik beter as suiwer Bos Taurus in baie warm tye, en omgekeer in baie koue tye.

As u bv. mieliereste, hawer of raaigras beskikbaar het, kan Julie 'n baie goeie maand wees om te spoel, veral as die winterdekseisoen dan ook begin en daar baie potensiële ontvangers beskikbaar is.

Baie telers voel dat hulle kalfies wat oor Desember gebore word, altyd 'n agterstand het en hulle verkies om nie in Maart te spoel en oor te plaas nie.

Maart is egter 'n baie goeie maand as jy dan net wil spoel en die embrio's bevries.

Die enigste tyd van die jaar wanneer ons werklik telers regtig afraai om te spoel is die week onmiddellik voor en na 21 Junie. In die verlede het diere swakker gespoel oor hierdie tyd, maar kort na die 21ste Junie reageer die skenkers goed op die dagliglengte wat begin toeneem en die resultate verbeter weer.

4) Moet ek op die plaas spoel of my skenkers na 'n sentrum stuur?

Dit word bepaal deur:

- Die vlak van bestuur op die plaas – Indien u nie die programme presies kan volg nie, goed kan K.I. en die nodige fasiliteite het om te spoel nie, is dit beter om die koei na 'n sentrum te stuur waar die hele bestuur net rondom spoelprogramme fokus.
- Indien die embrio's vir uitvoere gespoel moet word, moet die skenker in 'n kwarantynstasie gespoel word.
- Lakterend of droog – By Embrio Plus wil ons nie graag lakterende melkraskoeie inneem nie, ons verkies dat hulle gedurende die laktasie op die plaas gespoel word, of die laktasie op die plaas voltooi en dan opgeneem word.
- Aantal kere wat sy gespoel moet word – Indien u in 'n afgeleë deel van die land woon en n enkele koei elke 2 maande wil spoel, sal dit meer koste effektief wees om haar in 'n sentrum te spoel en die embrio's te vries.

Wanneer u besluit om op die plaas te spoel, is dit 'n goeie idee om soveel as moontlik van u naburige telers te kry om op dieselfde tyd en op dieselfde plek te spoel. Dit verdeel outomaties die reiskoste tussen meer mense, u kan die beste fasiliteit gebruik en dit plaas u op 'n ander vlak op die glyskaal vir die totale aantal spoelings, wat 'n laer koste per spoeling teweeg bring.

5) Hoe gou na kalwing kan 'n koei gespoel word?

Ons spoel gewoonlik koeie vir die eerste keer 3 maande nadat hulle gekalf het (vleisrasse) of 70-100 dae in laktasie (melkrasse), daarna kan hulle elke 7-8 weke gespoel word.

Indien u 'n koei wat pas gekalf het na ons sentrum wil stuur, is die beste tyd om dit te doen 6 weke na kalwing. Sy het dan 'n 2 weke aanpassingstyd voor haar program begin, wat 33 dae duur. Gevolglik word sy dan 3 maande na kalwing gespoel.

6) Verkies jy om droë koeie of koeie met kalfies/in laktasie te spoel?

Droë koeie gee meer kalwers as koeie met kalfies of lakterende koeie, dit is 'n erkende feit. Die probleem om net droë koeie te spoel, is dat jy eindig met baie slegte TKP's en swak produksierekords in die geval van melkkoeie, asook die feit dat sulke diere baie gou vet aansit omdat daar nie melk geproduseer word wat haar reserwes kan beheer nie.

Ons beveel net aan om 'n koei spesiaal op te droog vir spoeldoelindes as sy baie oud is en reeds goeie produksies behaal het, of as die stres van nog 'n kalwing met 'n laktasie haar gaan verhinder om in die toekoms embryo's te gee.

Indien u 'n koei met 'n kalf na die sentrum wil stuur, sal ons graag die kalf inneem en versorg. Indien die koeie wat u wil stuur egter reeds ouer kalwers by hulle het, is dit beter om die kalwers terug te hou, konsentrete te voer sodat hulle nie groei verloor nie, en meer embryos by u koei te kry.

7) Wat is die verskil tussen 'n graad 1 en 'n graad 2 en graad 3 embryo?

'n Graad 1 embryo (ook somtyd 'n graad A embryo genoem) is basies die beste graad embryo met meer as 85% van die totale sellulêre material binne-in die embryo wat lewendig en normaal is.

'n Graad 2 embryo (B graad) het tussen 50 % en 85% lewendige selle en 'n graad 3 embryo minder as 50 % lewendige selle.

Graad 1 embryo's gee beter dragtigheidsyfers (omtrent 15% beter) as graad 2 embryo's. Graad 1 embryo's bevries ook beter as graad 2's. Gedurende die bevriesingsproses word sommige van die selle beskadig, dis ook dan die rede hoekom vars embryo's beter doen as bevrore embryo's. As mens dus 'n embryo wat reeds swakker is (graad 2 en 3) bevries, bly daar min lewendige selle oor, daarom die swakker konsepsies daarmee.

Indien u embryo's aankoop, wees spesifiek omtrent die graad van die embryo's. Indien u graad 2's aankoop, kos hulle gewoonlik minder as die graad 1's, of u kan vra om per bevestigde dragtigheid op 2 maande te betaal.

8) Hoeveel keer kan 'n koei gespoel word?

Dit word bepaal deur die koei self en die aantal embrio's wat u nodig.

Gemiddeld spoel ons die meeste koeie 3 keer, voordat hulle embrio produksie onekonomies word, waarna ons hulle eers weer dragtig kry.

Na die dragtigheid het die eierstokke gewoonlik genormaliseer en hulle herhaal die spoelsiklus weer.

Sommige koeie kan egter embrio's aanhou produseer vir jare. As daar 'n mark is vir die embrio's of nageslag, maak dit baie goeie sin om hulle bloot aan te hou spoel.

Die grootste rede hoekom sommige diere moeilik dragtig raak na baie spoelings is die feit dat hulle oorvet word, so dit is gewoonlik 'n goeie idee om hulle veld toe te stuur en normaalweg by die bul te laat loop na 'n spoelprogram.

9) Kan ek 'n bul gebruik om die skenkerkoeie te dek, wat is die gevare? Wat van vars semen?

Bulle kan wel gebruik word om koeie te dek.

Daar is verskeie risiko's aan verbonde wat u egter in gedagte moet hou.

Die bul se semen kan nog steeds van laer vrugbaarheid wees, veral baie ou bulle, bulle wat lanklaas gedek het of wat 'n siekte met 'n koorsreaksie gehad het. Aangesien die semen dan op geen stadium ondersoek word nie, kan dit baie riskant wees om net op die dekking staat te maak. Maak ook seker dat die bul wel kan dek en ordentlik "deurstamp" wanneer hy dek. Sommige rasse is sku-telers en dit kan redelik frustrerend wees om te sit en wag vir 'n bul wat nie wil dek nie.

Gebruik Kamars op die skenkers ook. Dit is 'n goeie idee om wel te K.I. ook saam met die dekking, veral omdat die skenkers gewoonlik nie wil staan vir die bul vir die volle 24 uur periode nie.

Gebruik handdekking, waar die bul toegelaat word om te dek en dan weggeneem word van die koei. Sodoende sal jy vir hom meer as een koei kan gee om te dek ook.

Die ander groot gevaar is dat die bul infeksies kan oordra na die koei omdat hy so 'n groot volume semen in haar deponer en 'n baarmoeder van 'n koei wat gesuperovuleer het, meer vatbaar vir infeksies is. Gee die bul voor die dekking 'n ordentlike skedewas met skoon water, die vulva en perineum van die koei kan ook gewas word.

In my opinie is vars semen nog steeds die beste opsie. Dit gee gemiddeld oor al die spoelings waar vergelykings gedoen is, 1.5 embrio's meer per spoeling as bevrore semen en het veral waarde by ou koeie wat baie kalwers gehad het met groot lang baarmoederhorings.

Daar is antibiotika by die verdunningsmedia sodat die kans vir baarmoederinfeksie baie laag is as goeie higiëniese praktyk gevolg word. Dis meer gekonsentreerd as bevrore semen en leef ook langer binne die koei, wat beter bevrugting verseker. Hou die semen verkoel tussen 4°C en 8°C, dit mag nie by vriespunt kom nie!

Stel vooraf die yskas en monitor om te sien hoe koud word dit. Reël met die persoon wat die semen kollekteer om 'n monster van die semen by hom te hou en voor elke K.I. eers weer na 'n druppel te kyk onder die mikroskoop om te verseker dat die semen nog goed is om te gebruik.

10) Wat doen ek as die skenkerkoei glad nie of laat op hitte kom wanneer sy ge-K.I. moet word?

K.I. nog steeds, al sien u geen hitte nie. Dit gebeur talle male dat die skenkerkoei nie 'n hitte wys nie, maar wel gereageer het op die eierstokke.

Veral die 2de K.I. van die 3 volgens die program is krities om tog te doen.

Omdat dit wel gewoonlik 'n slegte indikasje is as die skenker nie 'n goeie hitte wys nie, kan u dalk besluit om goedkoper semen of semen waarvan u baie in voorraad het, te gebruik.

Wanneer 'n koei geen hitte-tekens wys by die tyd van die 1ste K.I. op die program nie, en dis duur/skaars semen wat u wil gebruik, kan u wel die eerste K.I. oorslaan. K.I. altyd die 2de K.I., en as die koei dan later wel hitte wys, kan u 'n ekstra K.I. gee 12 uur na die tyd van die gewone 3de K.I. soos op die program aangedui.

11) Hoeveel strooitjies semen is nodig per skenker vir die spoelings?

Ons K.I. elke skenker 3 maal gedurende die spoelprogram. As u met baie duur of skaars semen werk, waarvan die gehalte goed is, is 3 strooitjies semen genoeg. 4 Strooitjies sal egter beter wees, dan kan die 2de K.I. op die program met 2 strooitjies gedoen word.

As dit egter semen is wat nie duur is nie of waarvan u baie het, gebruik 6 strooitjies en K.I. met 2 strooitjies per elkeen van die 3 K.I.'s.

Om meer strooitjies as dit te gebruik, het nie regtig waarde nie, plus daar is met elke ekstra K.I. 'n gevaar om infeksie deur die serviks in te dra of die baarmoeder te beskadig.

12) Hoekom spoel sommige koeie swak?

Wanneer mens na redes soek hoekom sommige koeie swak spoel, is daar 4 hoofareas wat almal ewe belangrik is om sukses te behaal, as daar n probleem is met enige van die 4 areas is, kan haar hele program n ramp wees.

➤ **Die koei faktor**

- ✧ Sommige koeie (beraam tussen 10 en 15%) reageer nie op die super-ovulasie hormoon nie. Dit beteken nie hulle is onvrugbaar nie, maar ons werk met 'n biologiese sisteem waarvan sommige fynere detail nog nie altyd presies verstaan word nie.
- ✧ Sommige koeie produseer net dooie eierselle wanneer hulle gesuperovuleer word.
- ✧ Beserings, siekte (klinies of sub-klinies) met 'n koors affekteer 'n skenker.
- ✧ Liggaamskondisie (te maer, of te vet en besig om gewig te verloor)
- ✧ Sommige koeilyne in 'n ras spoel goed, sommige nie.
- ✧ Sommige koeie spoel eers goed as haar kalf gespeen is of deur die nag gespeen word, veral as sy sukkel om kondisie op te tel deur die spoelprogram.

➤ **Die bul faktor**

- ✧ Slegs baie goeie kwaliteit semen is goed genoeg vir embryo spoelings. Semen wat vir gewone K.I. programme goed genoeg is, kan onbevugting gee wanneer dit gebruik word om spoelkoeie te K.I. Die rede hiervoor is dat die baarmoederomstandighede in 'n koei wat gesuperovuleer is, baie meer eise aan die semen stel om tot voor te kan swem, tesame met die feit dat die skenkerkoei oor 'n lang periode kan ovuleer en die semen lank genoeg lewendig moet bly om te kan bevug. Dit is 'n goeie idee om 'n strooitjie van die bul wat u wil gebruik, vooraf te laat toets, of om 'n veearts vinnig mikroskopies na die voorste druppel van 'n strooitjie te laat kyk voor daar met die semen ge-K.I. word. (in die geval van baie duur of skaars semen)

➤ **Die menslike faktor**

- ✧ Enige foute wat begaan word gedurende die spoelprogram, soos om nie die regte dosis van die regte hormoon op die regte tyd te gee nie, kan die resultaat van die spoeling beïnvloed.
- ✧ As daar 'n probleem met die bestuur op die plaas is (ongebalanseerde dieët, onnodige hardhandige hantering van die diere ens), kan daar nie van die skenkers verwag word om goed te reageer nie. Koeie moet op 'n stygende kondisie telling wees en hanteer word in 'n minimum stres-omgewing.
- ✧ Indien die persoon wat die K.I.'s doen sukkel om deur die serviks te kom, of die wand van die baarmoeder beskadig met gevolglike swelling en bloeding, kan dit ook onbevrugting tot gevolg he. K.I. altyd met 'n sanitêre sakkie om infeksie van die baarmoeder te voorkom.
- ✧ Die hormoonprogram wat ons formuleer vir elke koei is 'n berekende aanname, veral wanneer sy die eerste keer gespoel word. Hierdie dosis word bereken met inagnome van die koei se ras, ouderdom, gewig, droog of met 'n kalf ens. Indien 'n koei nie reageer soos ons verwag nie, kan die program verander word om 'n beter reaksie op 'n volgende program te probeer verkry.

➤ **Omgewingsfaktore**

- ✧ Koue fronte, ongewone reënpatrone, hitte golwe, ens affekteer skenkers baie maklik. Sien asb. die bespreking onder "beste tyd van die jaar om te spoel".
- ✧ Probeer altyd die skenkers in die program die kampe met weiding, minste modder en meeste beskerming teen die koue te gee. Maak seker dat hulle steeds goeie kos kry in die slegte weer.

13) Wanneer is die beste tyd om 'n koei weer dragtig te kry na spoeling?

Die eerste hitte wat 'n koei wys nadat sy gespoel is, is gewoonlik 'n baie vrugbare hitte om te gebruik om haar weer dragtig te kry, omdat die baarmoeder dan effektief skoon gewas is deur die spoeling en die eierstokke aktief is a.g.v. die hormone gebruik. Die meeste koeie wys hitte tussen 4-14 dae na die spoeling.

Dit is ook 'n goeie idee om haar deur 'n bul te laat dek eerder as om te K.I. (indien moontlik) en om 'n ovulasie-induserende hormoon soos Fertagyl saam met die dekking/K.I. te spuit.